

Linguistiese grondslae van moderne teksinterpretasie

JH Barkhuizen

1. INLEIDING

Die moderne linguistiek het sy beslag gekry aan die begin van hierdie eeu met die baanbrekerswerk van Ferdinand de Saussure, wie se klasnotas na sy dood deur studente in 1915 gepubliseer is onder die titel *Kursus in Algemene Taalkunde (Cours de linguistique générale)*. Hierin het daar belangrike konsepte oor taal na vore getree wat nie net primêr vir die studie van die taalwetenskap van belang was nie – in dié sin dat die studie van taal verskuif het van die histories-vergelykende en filologiese na die strukturele metode – maar konsepte wat ook die basis gevorm het vir totaal nuwe benaderinge in die metodiek van literatuurstudie of teksinterpretasie. Hierdie benaderingwyse kan bestempel word as “teksimmanente” interpretasie. Die literator benader sy gegewe objek, ’n bepaalde literêre teks, nie primêr vanuit buitetekstuele gegewens (soos oorsprong, tradisie of ontwikkelingsgeskiedenis) nie, maar vanuit die standpunt dat die teks ’n outonome geheel is met ’n eie semanties-strukturele samehang en boodskap. In dié sin word daar dan ook gepraat van die strukturele benadering tot die taal- en literatuurwetenskap. In dié strukturele benadering word daar in die studie van die taalwetenskap gesoek na *sintese*, na die *samehang* en *struktuur* van die verskillende taalelemente, en in die studie van teksinterpretasie na dié van die verskillende kommunikasie-elemente van ’n teks. Waar die histories-vergelykende en filologiese benadering byvoorbeeld die woord as fokuspunt gestel het, en die betekenis van ’n sin gaan soek het in die optelsom van betekenis van elke woord afsonderlik, soek die strukturele benadering die betekenis in die geheelstruktuur van die sin. In hierdie benadering word “sin” tereg gedefinieer as “taaluiting” wat bestaan uit die seleksie en kombinasie van woorde tot ’n sinvolle eenheid.

Die belangrikheid van die beginsels van die nuwe taalkundige benaderinge, sedert De Saussure, het eers vir die Bybel-eksegese ’n werklikheid geword met James Barr se werk *The semantics of biblical language* in 1961. Die vraag kan gestel word: hoekom eers só laat, en waarom is daar in baie kringe nog steeds die huiwering om hulle te verwys van die moderne teorieë in Bybel-eksegese?

’n Belangrike rede is klaarblyklik bepaalde wanopvattinge: baie eksegete en kommentatore is byvoorbeeld nog steeds van gedagte dat die tradisionele woordeksegese die regte metode is, ook omdat

dit op die oog af 'n makliker metode blyk te wees, en dit oënskynlik bevredigende resultate oplewer. Elke woord of kernwoord in 'n Bybelvers word soos 'n myn ontgin en alles daaruit gehaal wat daaruit te hale is; daarby kom ook die gedagte dat die Bybel 'n boek is wat heel uniek is en daarom onderworpe is aan 'n spesiale benaderingwyse. Daar word nie daaraan gedink nie dat, hoe uniek en gesaghebbend die Bybelboodskap ook al is, die vorm waarin dit gegiet is, nietemin literatuur is wat moet beantwoord aan die gewone norme van die letterkunde. Die inhoud verhef dus nie die vorm tot 'n bo-literêre magiese vlak nie. Die literêre teorie wat op grond van die nuwere linguistiese benadering van hierdie eeu ontwerp is, wil juis die vorm nie losmaak van die inhoud nie; dit soek na die struktuur van die teks in sy geheel, en met struktuur word in die letterkunde juis bedoel die totaliteit van manifestasievorme van die literêre teks – dit wil sê, die totale geïntegreerde samehang van woordsemantiek, sintaksis, gebeure, tyd, persoon, perspektief, en tematiese opbou of tektoniek.

Met hierdie enkele gedagtes as agtergrond sal daar nou in breë en algemene terme ingegaan word op die basiese beginsels wat in De Saussure se werk van kardinale belang is.

2. “LANGAGE, “LANGUE” EN “PAROLE”

De Saussure begin met 'n definisie van taal waarin hy drie vlakke van linguistiese aktiwiteit onderskei: *langage* (taalverskynsel), *langue* (taalsisteem) en *parole* (taalgebruik):

Taalverskynsel is vir De Saussure die mees algemene aspek, en dit sluit in die totale menslike potensie, fisies en verstandelik, om taal te kan praat/gebruik. As sodanig is dit 'n te wye veld om sistematies bestudeer te word.

Taalsisteem is dié sisteem wat elke mens gebruik om intelligente en verstaanbare sinne in 'n bepaalde taal te kan genereer/voortbring.

Taalgebruik is die taaluiting van elke individu, sy individuele praatvermoë.

Alhoewel taalsisteem vir De Saussure die belangrikste objek van studie is, is taalgebruik die enigste objek wat die taalkundige direk kan bestudeer sodat, vanuit die studie van die taalgebruik, die struktuur van taal afgelei kan word.

Vir die letterkunde is die geskrewe taalgebruike of -uitinge veral van belang as studie-objek van die *stilistiek*. Styl is immers die wyse waarop 'n bepaalde inhoud op 'n bepaalde individuele wyse oorge-dra word. Anders gestel: dit is die *seleksie* van bepaalde woorde en grammatikale strukture deur die skrywer uit die taalkode wat in sy gebruikspotensie voorkom en wat dan deur hom *geïndividualiseer* word. Omdat styl altyd 'n keuse van die skrywer impliseer, moet die

eksegeet weet watter alternatiewe woorde die skrywer kon gebruik het in die plek van 'n bepaalde woord, en watter alternatiewe sintaktiese konstruksie om 'n bepaalde uiting weer te gee. Uit die studie van Johannes se styl sou mens met 'n groot mate van sekerheid kon aflei dat die gebruik vir *filéō/agapáō* (vgl. Jh 21: 15–19) bloot as sinonieme optree wat tipies van sy styl is, in teenstelling met Paulus (vgl. 1 Kor 8:3) by wie *agapáō* die komponent “agting” by het. Hierdie keusemoontlikheid is dus 'n uiters belangrike aspek wat nie net uit De Saussure se taaldefinisie spruit nie, maar ook uit sy onderskeiding tussen “paradigmatiese” en “sintagmatiese” taalelemente.

3. PARADIGMATIESE EN SINTAGMATIESE TAALELEMENTE

Taal word gesien as 'n sisteem waarvan die verskillende/afsonderlike tekens/woorde *waarde* en *betekenis* verkry slegs deur hulle *relasie* tot mekaar. Dit wil sê die betekenis van 'n woord word bepaal deur die posisie daarvan in die sin en sy relasie tot die ander woorde en grammatikale eenhede van dié sin. Maar die betekenis van elke woord in so 'n sin word ook bepaal deur sy relasie tot ander woorde wat *nie* in dié sin teenwoordig is nie, maar wat teenwoordig is in ons woordskatkamer, en wat dié woord se spesifieke plek in die sin kon ingeneem het. Sinvolle taaluiting geskied met ander woorde op grond van die twee beginsels van *seleksie* van bepaalde woorde *in kombinasie* met mekaar. Hierdie seleksie-beginsel staan bekend as die *paradigmatiese* of *vertikale as*, en die kombinasie-beginsel as die *sintagmatiese* of *horisontale as*.

Die belangrikheid van hierdie beginsels vir teksinterpretasie is voor die hand liggend. (a) Daar is reeds gewys op styl wat 'n bepaalde keuse/seleksie en kombinasie van woorde en konstruksies inhou, sodat die styl van 'n bepaalde skrywe so bestudeer kan word. En styl, juis omdat dit gebaseer is op seleksie en kombinasie, dra dus altyd betekenis binne die teksgeheel. Vir die vasstelling van byvoorbeeld wie die outeur van 'n bepaalde Bybelse boek is, is styl 'n uiters belangrike faktor. (b) Ook die belangrike kwessie van woord- of begripstudie soos byvoorbeeld liefde, geregtigheid, geloof ensovoorts berus op die werking van die seleksie-kombinasie-beginsels. Só 'n studie kan eers sinvol geskied as ons dit ooreenkomstig hierdie twee relasie-asse onderneem.

De Saussure se begrip van paradigmatiese (=assosiatiewe) velde bied die metode waarvolgens ons 'n hele *semantiese veld* kan omskrywe. Güttgemanns (1971: 59–98; vgl. ook Pelser 1980: 52–7), byvoorbeeld, uitgaande van hierdie teorie, het die begrip “geregtigheid van God” bestudeer *in relasie tot* die “mag” en “toorn van God”. 'n Woord het betekenis as deel van 'n hele semantiese veld, waarin

ooreenstemming en kontras met ander woorde binne dié veld twee belangrike betekenisdraende beginsels is. Dit beteken egter nou nie dat alle betekenis ontnem word aan woorde op hulle eie nie. Die *klankbeeld stoel* wat op 'n bepaalde wyse in Afrikaans geskrywe word, roep 'n bepaalde *idee* na vore, anders sou ons mekaar nie begryp het nie, al is dit waar dat ons nie 'n stoel 'n stoel noem omdat die idee van 'n stoel en hierdie klankbeeld 'n noodsaaklike *verband* met mekaar het nie. Dit het alleen 'n *konvensionele* relasie. Maar om terug te kom op woordbetekenis in isolasie, kan ons hier met vrug verwys na Ullmann (1957: 49) se opmerking dat daar gewoonlik 'n stabiele basiese element in 'n woord aanwesig is en wat alleen gemodifiseer kan word deur die konteks binne sekere beperkinge. Tog het die insig in 'n taal se paradigmatische en sintagmatiese relasies die gevaar van die sogenaamde "illegitimate totality transfer" uitgewys, om Barr (1961: 218) se term te gebruik. Hierdie eksegeesfout verwys na die gevaar dat 'n eksegeet die verskillende betekeniswaardes van woorde, soos dit in verskillende tekste voorkom, bymekaar tel en dié optelsom van betekenis in 'n bepaalde konteks oordra op dié woord, sodat ons al hierdie betekenis uithaal uit die woord en dit toepaslik maak vir die bepaalde konteks.

4. DIAKRONIESE EN SINKRONIESE TAALSTUDIE

De Saussure wys daarop dat enige bepaalde verskynsel in taal op twee wyses bestudeer kan word: dit mag gesien word as (a) deel van 'n totale sisteem gelyktydig aan sigself, of as (b) deel van 'n historiese opeenvolging van verwante verskynsels.

Wat die *eerste* saak betref, word die betekenisgebruik van 'n woord bestudeer in sy relasie tot die ander woorde wat in gebruik is op dieselfde tydstep van die ontwikkeling van die taal deur sprekers van dieselfde taal. In hierdie geval praat ons van *sinkroniese* taalstudie. Wat die *tweede* saak betref, word die woord bestudeer in sy relasie tot sy etimologiese antesedente en navolgers, en dan praat ons van *diakroniese* taalstudie.

Nog anders gestel: In die sinkroniese taalstudie bestudeer die eksegeet die hele staat van 'n taal op 'n bepaalde gegewe moment van dié taal se bestaan. In die diakroniese taalstudie bestudeer die eksegeet 'n bepaalde element van die taal oor 'n tydperk heen; met ander woorde; die historiese ontwikkeling daarvan.

Dit hou dus in dat elke taal volkome adekwaat op elke stadium van sy historiese ontwikkeling is, en dat sinkroniese taalstudie, vir De Saussure altans, van primêre belang is. Beide benaderinge is natuurlik korrek in soverre as wat elkeen se *rol* net voor oë gehou sal word. Dit is egter juis wat in teksinterpretasie dikwels nie gedoen word nie. Ons verwys hiermee na die sogenaamde etimologiese

teksinterpretasie of die naargestigtelike soeke na die “Grundbedeutung” van ’n bepaalde woord(e). Met dié term word hier verwys na die sogenaamde “oorspronklike” betekenis. Die fout wat in hierdie verband gemaak word is dat dié sogenaamde “oorspronklike” betekenis heel dikwels gebruik word om ’n woord se betekenis in ’n konteks, dikwels eeue daarvan verwyderd, te bepaal. So byvoorbeeld sal eksegete sê dat *sonde* in die sin van *hamartía/hamartánō* is eintlik om jou lewensdoel te mis, want dié Griekse woorde beteken oorspronklik om “mis te skiet”. Daar moet egter onthou word dat die diakroniese taalstudie alleen geïnteresseerd is in die afkoms en betekenisontwikkeling van ’n woord. Die sinkroniese studie hou hom daarteenoor besig met die betekenis van ’n woord op ’n bepaalde moment in ’n bepaalde konteks. Die Griekse terme, hierbo gebruik, is in die Nuwe Testament slegs die terme waarmee die sonde as *algemene verskynsel* aangedui word. Aan die ander kant is dit natuurlik ewe moontlik dat ’n bepaalde woord geassosieer word, weer in ’n latere konteks van *herroep*, maar dan moet dit uit die konteks aanwysbaar wees. In die Johannese proloog byvoorbeeld blyk *skēnōō* alleen ’n algemene term te wees vir “woon”, maar in die Pauliniese *oikiátou skēnous* word *skēnos* deur *epígeios* gemerk en verbeeld in die vroeë betekenis van “tydelike woning”. In só ’n geval gaan dit dus om wettige etimologisering *deur die skrywer self*. Maar wil die ekseget weet wat die “huidige”, dit wil sê die kontekstydsgewone betekenis van ’n woord is, dan is alleen sinkroniese taalstudie die wettige metode daartoe, al sou ’n diakroniese studie kon help om juis die gang van so ’n woord se betekenis af te merk.

5. DIE KONVENSIONELE KARAKTER VAN TAAL

’n Laaste konsep wat van primêre belang vir die ekseget is, is die arbitrêre of konvensionele karakter van taal, en meer bepaald die arbitrêre of konvensionele relasie tussen die klankbeeld/geskrewe woord en die *idee* waarvoor dit staan. Die basiese element van linguïstiese struktuur is vir De Saussure die *teken*. Hierdie teken is ’n komplekse geheel wat ’n klankbeeld en ’n konsep of idee met mekaar verbind. Die klankbeeld *boom* en die idee van ’n bepaalde plant kan geld as illustrasie. As ons sê dat die relasie tussen die klankbeeld *boom* (wat in Afrikaans uit 4 letters bestaan) en die idee boom konvensioneel is, bedoel ons dat die klankbeeld op geen wyse bepaal word deur die idee nie. ’n Bewys hiervoor is die feit dat die idee boom in verskillende tale deur verskillende klankbeelde weergegee word (“tree”, “arbor”, ens.). Tog moet ons hierdie relasie meer presies omskrywe. Dié relasie is wel konvensioneel *na sy wese*, maar nie met betrekking tot sy kultuurwaarde nie. Met ander woorde, Afri-

kaans het nie 'n keuse nie as om die klank *boom* te uit as hulle na 'n sekere plant wil verwys. Hoe Afrikaans by hierdie klankbeeld uitgekóm het, is hier nie ter sprake nie, en val onder die studie van die woordetimologie. Ons het hier te doen met 'n stuk kultuurgebondenheid, en ons kan dit nie na willekeur verander nie. Mense wat Afrikaans praat sal eers moet ooreenkom dat hierdie klankbeeld nie meer geld as verwysing na die spesifieke plant-objek nie.

Uit wat tot dusver gesê is, is dit nou duidelik dat ook hierdie aspek van groot belang is vir teksinterpretasie. Die konvensionele wesensrelasie tussen klankbeeld en idee sal ons weerhou van wat Barr genoem het die een-woord-een-idee-mistasting. Hierdie mistasting word nog verder vererger deur gevolgtrekkinge te maak aangaande bepaalde volkere se konsepte en die woorde en taalstrukture wat hulle gebruik. Die volgende gedagtes is hier van belang:

- (a) Vereers moet ons daarop let dat daar geen een-tot-een verhouding bestaan tussen die klankbeelde van 'n taal en hulle betekenis nie. Die Afrikaanse klank *bank* dui dus op verskillende uiteenlopende betekenis, terwyl een woord baie gebruiksmoontlikhede het.
- (b) Verder is daar ook geen een-tot-een verhouding tussen die klankbeelde en hulle betekenis van verskillende tale nie. *Lógos* word byvoorbeeld in sekere Bybelvertalings met 22 verskillende woorde weergegee. Hierdie verskynsel hou direkte betekenis in vir (i) vertaling van Hebreeus en Grieks na Afrikaans. As daar dan (ii) eksegetiese vanuit 'n vertaling gedoen word, kan ons beseft in watter valstrikke daar getrap kan word. (iii) In die derde plek is daar die kwessie waarna onder andere Nida (1972: 83) tereg verwys, naamlik dat ons nie die Hebreeuse denke en die Griekse denke, byvoorbeeld, weerspieël kry in hulle taalgebruik van woorde en konstruksies nie. Die bekende onderskeiding deur onder andere Boman (1960: 27) tussen die Hebreeuse denke as konkreet en die Griekse denke as staties, filosofies en abstrak gaan net nie op nie. Die konvensionele relasie tussen klank en idee lê hierdie logies-grammatiese parallelisme bloot as 'n onwaarheid en 'n gevaarlike metode vir die eksegeet om te beoefen. Barr se beswaar teen die teologiese woordeboek van Kittel is juis geleë in die feit dat dit 'n denke-woordeboek is. (iv) Ten slotte toon hierdie konvensionele karakter van taal aan dat ons ook nie die standpunt kan huldig dat een taal ryker is en meer kan sê as 'n ander taal nie, bloot omdat ons dan 'n foutiewe een-tot-een verhouding tussen woorde in verskillende tale gaan soek. Ons kan hoogstens sê dat sekere tale dieselfde ding anders sê as ander tale, maar nie beter of slegter nie.

6. SLOT

U as die eksegeet het die voorreg en vrye keuse om 'n bepaalde teksgedeelte uit 'n wye groep van metodes te analiseer. Immers, in die letterkunde weet ons dat dieselfde stuk met telkens ander metodes geanaliseer kan word omdat geen metode 'n teks in al sy implikasies kan "raakvat" nie, en elke metode sy eie doel het. Dit is egter ook u verantwoordelikheid om kennis te neem van illegitieme eksegetiese metodes. Die beginsels van De Saussure het op die lang duur nuwe insigte gelever, ook op die terrein van die metodiek van teksinterpretasie. Bogenoemde kursoriese uiteensetting daarvan kan dien om hierdie verantwoordelikeheidsin by u as eksegeet op te skerp.

7. LITERATUURVERWYSINGS

- Barr, JA 1961. *The semantics of biblical language*. Oxford: University Press.
- Boman, T 1960. *Hebrew thought compared with Greek*. (Translated by JL Moreau). New York: Norton.
- De Saussure, F 1966. *Kursus in Algemene Taalkunde*. (Bewerk deur C Bally en vertaal deur A Lee). Pretoria: Van Schaik.
- Güttgemanns, E 1971. "Gottesgerechtigkeit" und strukturele Semantik. Linguistische Analyse zu *dikaíosunē theou*, in E Güttgemanns. *Studia Linguistica Neotestamentica. Gesammelte Aufsätze zur linguistischen Grundlage einer Neutestamentlichen Theologie*. München: Kaiser, 59–98.
- Nida, EA 1972. The implications of contemporary linguistics for biblical scholarship. *Journal of Biblical Literature* 91, 73–89.
- Pelser, GMM 1980. Nuwere ontwikkelinge in die ondersoek van die tema "Geregtigheid van God" by Paulus, in *Die Nuwe-Testamentiese Wetenskap vandag*. Departement Nuwe Testament (Afdelings A & B) en Grieks, Universiteit van Pretoria, 41–60.
- Ullmann, S 1957. *The principles of semantics*. 2nd Edition. Glasgow: University of Glasgow.

8. SELEKSIE VAN AANBEVOLE LITERATUUR

- Howard, A 1979. *Structuralism. An introduction to the semiotics of literature*. Ongepubliseerd. Dept. Grieks, Universiteit van Pretoria.
- McKnight, EV 1978. *Meaning in texts. The historical shaping of a narrative hermeneutics*. Philadelphia: Fortress.
- Scholes, R 1974. *Structuralism in literature. An introduction*. New Haven: Yale University Press.
- Thisselton, AC 1977. Semantics and New Testament interpretation, in IH Marshall (ed). *New Testament interpretation. Essays in principles and methods*. Exeter: Paternoster, 75–104.
- Vorster, WS 1982. De strukturanalyse, in AFJ Klijn (red). *Inleiding tot de studie van het Nieuwe Testament*. Kampen: Kok, 127–52.